# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

**MOTIVERINGSBRIEF RIGLYNE: KATEGORIE B2 EN B3 AANSOEKERS WAT VIR NAGRAADSE GRAADPROGRAMME INGESKRYF IS OF OOR TERSIÊRE KWALIFIKASIES EN/OF WERKSONDERVINDING BESKIK**

**GESKIKTHEID**

- Die Fakulteit reserveer plekke vir persone met naskoolse kwalifikasies en/of werksondervinding wat nie tydens die aansoekperiode vir 'n verdere kwalifikasie ingeskryf is nie. Indien jy tydens die aansoekperiode vir enkele modules vir nie-graaddoeleindes op tersiêre vlak ingeskryf is, kom jy onder hierdie kategorie in aanmerking.
- Ons gee voorkeur aan kandidate wat alreeds 'n tersiêre kwalifikasie (NKR-vlak 7 of hoër) binne die normale tydraamwerk met 'n geweegde gemiddelde van minstens 60% verwerf en 'n motiveringsbrief by hulle aansoek ingesluit het.
- MBChB – Slegs aansoekers wat reeds voorheen 'n tersiêre kwalifikasie (NKR-vlak 7 of hoër) binne die normale tydraamwerk, en met 'n geweegde gemiddelde van minstens 70% of hoër geslaag het, en 'n motiveringsbrief by hul aansoek ingesluit het sal vir keuring oorweeg word.

**VEREISTES VIR MOTIVERINGSBRIEF**

- Die motiveringsbrief is 'n persoonlike verklaring waarin jy uiteensit hoekom jy graag aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer en jou voorkeurprogram wil volg. Dit is ook jou geleentheid om die Fakulteit te oortuig dat jy oor sekere eienskappe beskik.
- Hanteer asseblief die volgende aspekte in jou aansoekbrief:
  - die motivering vir jou aansoek om tot hierdie program toegelaat te word;
    - jou belangstellings, inisiatiewe en prestasies – jy kan afdelings insluit oor jou deelname aan en prestasies op die gebied van sport, leierskap en bedrywighede wat met kultuur en sosiale impak/gemeenskapsinteraksie verband hou;
  - jou betrokkenheid by jou eie óf ander gemeenskap(pe) – dit hoef nie met gesondheidsorg verband te hou nie en kan handel oor enige vorm van gemeenskapsbetrokkenheid en -opheffing; en
  - enige ervaring wat jy reken jou voorberei het op die program waarvoor jy aansoek doen en hoe jy tot die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgsektor kan bydra.
- Die motiveringsbrief moet by hierdie dekblad aangeheg word, in Engels of Afrikaans wees en hoogstens 1 500 woorde beslaan, in lettertipe Arial 12-punt met reëlspasiëring op 1,5 gestel.
- Ons oorweeg slegs inligting wat as deel van jou eie motiveringsbrief ingedien is. Geen curriculum vitae, getuigskrifte, kwartaalverslae of enige ander dokumentasie word vereis nie.

**INDIENNINGSINSTRUKSIES**

- As jy in die B3-kategorie aansoek doen – dit wil sê, 'n tersiêre kwalifikasies en/of werksondervinding het of as nagraadse student in B2-kategorie aansoek doen – dit wil sê, 'n ingeskrewe nagraadse student is, **e-pos jou motiveringsbrief en dekbrief** teen **31 Julie 2026** na tygselections@sun.ac.za. Die onderwerpreël moet wees: **FGGW-motiveringsbrief**, gevolg deur jou **US-aansoeknommer** (dit begin met "**APP/XXXXXXX**").
- Kategorie B2- en B3-aansoekers mag vir drie (3) voorgraadse programme by die FGGW aansoek doen. Skryf asseblief 'n afsonderlike motiveringsbrief en vul 'n afsonderlike dekblad in vir elke program waarvoor jy aansoek doen.

**DUI ASSEBLIEF AAN VIR WATTER PROGRAM JY AANSOEK DOEN (MERK ✓ DIE RELEVANTE BLOKKIE):**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **MBChB** | | **BSc in Dieetkunde** | | **B in Verpleegkunde** | |
| **B in Arbeidsterapie** | | **BSc in Fisioterapie** | | **B in Spraak-Taal en Gehoor Terapie** | |

Van: ______________________________________________________________________________
Voornaam/-name: ______________________________________________________________________________
Geboortedatum (jjjj/mm/dd): ____________________ Aansoeknommer (APP/XXXXXX): ___________________________________
Adres: ______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
Kontaknommers: sel _________________________ huis ___________________________ ander ___________________________

**Verklaring**

Ek, *[jou naam en van]* ________________________________________________, verklaar hiermee dat die inligting wat as deel van hierdie motoveringsbrief verskaf is, waar en volledig is.

Ek erken hiermee dat die Universiteit Stellenbosch my inligting by derde partye en/of ander universiteite mag nagaan. Ek erken dat, sou ek vals of onvolledige inligting verskaf, dit mag veroorsaak dat my aansoek afgekeur of my inskrywing gekanselleer word. Ek erken dat, sou my aansoek afgekeur word, geen verdere inligting ter ondersteuning van my aansoek agterna aanvaar sal word nie. Ek aanvaar dat die keurpaneel se besluit finaal is en dat geen tweede appèl deur my vir dieselfde akademiese jaar oorweeg sal word nie.

Handtekening van aansoeker: ____________________________________________ Datum: ____________________________